**Skriflesing:** Matteus 21:33-46
**Tema**: Ons behoort aan die Here.

Die eienaar van die wingerd is God.

Die Joodse volk is die wingerd. Hulle is deur God uitgekies. Hy beveilig hulle met 'n muur en wagtoring. Hy het hulle aangeplant om vrug te dra tot sy eer. Daarom bou Hy ook 'n parskuip.

Die boere is die Priesterhoofde en Fariseërs, die geestelike leiers. Die Eienaar het die boere gehuur om sy wingerd te versorg sodat dit vrug dra, liefde, barmhartigheid, vreugde, vrede ens, vrug wat pas by die volk van die Here.
Die fout wat die leiers maak, is dat hulle vergeet wie se wingerd dit is waarmee hulle werk. Hulle eien die wingerd, met ander woorde die volk, vir hulself toe. As ons dit op vandag van toepassing maak, sal ons kan praat van my gemeente of Toit of MG se gemeente, wat nie reg is nie. Dit is die Here se gemeente.

Die slawe wat die Eienaar stuur, is sy boodskappers, die profete. Hulle kom haal as deel van die opbrengs, bekering en feesvreugde, lof en eer wat die Here toekom.

Die boere, die kerkleiers van die tyd, hou nie daarvan dat die eer die Here toekom nie. Hulle wil die volk regeer. Hulle wil moet geskied, hulle reëls en voorskrifte. Hulle moet gesien en gedien word.

Kyk hoe neem hul soeke na mag en verwerping van God en Jesus as die Seun van God toe. 'n Deel van die volk is ook hieraan skuldig.
Die eerste slaaf of profeet word gegryp, geslaan en met leë hande weggejaag. So groei hul sonde van kwaad tot erger. Die volgende slaaf word oor die kop geslaan en uitgeskel.
Nog 'n slaaf word doodgemaak. Baie ander word gestuur, party word geslaan en ander doodgemaak.

Teenoor die skokkende optrede van die boere, staan die geduld en liefde van die Eienaar. Die Eienaar eis nie 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand nie. Ons hoor van baie genade geleenthede, weer en weer en nog baie ander. Dit kan wees dat Hy dink dat die geestelike leiers dalk sy bedoeling misverstaan het. Hy gee vir hulle nog 'n geleentheid om tot inkeer te kom.
Uiteindelik het Hy nog net een oorgehad. Hy stuur sy enigste Seun in die hoop dat die boere sy seun sal eer en respekteer.

Die kerkleiers is egter teen hierdie tyd totaal en al magsbeheb. "Maar toe die boere die seun sien, sê hulle vir mekaar: 'Dit is die erfgenaam dié. Kom ons maak hom dood en vat sy erfenis." (Matteus 21:38)
God se Seun is verwerp en doodgemaak deur kerkleiers en 'n deel van die volk vir wie dit net oor hulself gegaan het. Maar Sy Seun het opstaan.
Hy, die klip wat die geestelike leiers nie goed genoeg geag het om mee te bou het nie, wat eenkant weggegooi is, word die hoeksteen waarop God sy kerk bou.

Van hierdie Hoeksteen af word ons as Sy kerk tot vandag toe gerig, beplan, gemeet en gebou. Wie in geloof bou op Jesus Chritus, ontvang as geskenk vergifnis, genade en nuwe lewe.
Wie die hoeksteen verwerp, sal daaroor struikel en veroordeel word. Die hartseerste is dat die geestelike leiers besef dat Jesus in hierdie verhaal oor hulle praat. Hulle weet nou dat Jesus die Seun van God is en optree met die gesag wat God vir Hom gegee het, maar hulle hoor nie, leer nie en kom nie tot inkeer nie. Hulle het hulle net meer verhard. Hulle gesag is bedreig. Daarom het hulle ’n plan gesoek om Jesus te laat vang en Hom dood te maak.

Hierdie Joodse godsdienstige leiers ontvang hul straf van God. Hulle wat Hom verwerp het, word nou verwerp. Ook die deel van die volk wie se lewens nie vrug dra nie, word veroordeel. Nie langer is net die Jode meer God se volk nie. Hy maak nou almal wat in Hom glo, bou op die hoeksteen Jesus Christus en Hom gehoorsaam, sy volk.

Ek vat saam:
**Ons as gelowiges is God se wingerd.**
Verlossing en vergifnis is nie ons geboortereg nie, dit is ‘n voorreg. Die doop vanoggend bevestig dit. God het ons uitgekies en deur die bloed van sy Seun ons gekoop. Hy is die Een wat telkens met ons voor begin en oor begin. Ons het verlede sondag stilgestaan by sy liefdeswil vir ons soos ons dit in Esegiël 18:23 en 32 kry: “Dit is beslis nie my wil dat die goddelose moet sterf nie, sê die Here my God, dit is my wil dat hy hom bekeer van sy verkeerde dade en dat hy bly lewe.”

Hy het ons aangeplant. Hy vul ons met sy Heilige Gees om vrug te dra tot Sy eer.

Ons is nie op aarde ter wille van onsself nie, maar ter wille van Hom. Ons is hier om God te eer, om te lewe soos ‘n kind van die Here. Ons is lidmate van die gemeente, nie om gedien te word nie, maar om die Here te dien.

**Dit is in besonder waar vir ons as leiers.**
Dit maak nie saak waar jy geestelik leiding neem nie, op die belangrikste plek is as pa of ma in jou eie huis, by die werk,waar ookal jy is  of as kategeet, omgeegroepleier of kerkraadslid in sy kerk, ons is staan in God se diens.

As gemeente is ons hier om vrug te dra. As leiers is ons aangestel om te help sorg dat die gemeente vrugdra tot eer van die Here.

En ons hoef nie, nee ons mag nie, telkens nuut begin met bouwerk nie. Die hoeksteen is reeds gelê. Op Jesus Christus moet ons ons lewens en sy gemeente beplan, rig en bou.
**Amen**